

17 MAART

**SKRIFGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:12-24
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 52:129
FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:20**

Dit is waar en seker

In vers 15 tot 16 het dit duidelik geword dat daar 'n misverstand by die gemeente was. Hulle het gedink dat Paulus hulle sal kom besoek, maar Paulus se reisplanne het verander en hy het nie daarby uitgekom nie. Hulle het hom gevolglik beskuldig dat hy onbetroubaar is. Daarom is Paulus nou in die gelese gedeelte besig om hom te verdedig.

Om hierdie rede roep Paulus nou die getuienis van die drie-enige God in as sy verdediging. In vers 18 stel hy die gemeente voor God die Vader, in vers 19 voor Jesus Christus en in vers 21 tot 22 word hulle voor die Heilige Gees gestel. So wys Paulus die gemeente dat hulle beskuldiging 'n beskuldiging "teen die apostel van Jesus Christus" is (vs. 1) en daarom eintlik 'n beskuldiging teen God self. Soos Jesus Christus getrou was, so is Paulus se woorde en daede ook getrou. Hierdie waarheid van Paulus se woorde en daede is dus gegrond in Jesus Christus wat die waarheid is. Daarom kan Paulus daarop "Amen" sê, wat beteken dat dit waar en seker is.

Wanneer ons dus ons gebede met die woord "Amen" afsluit, druk ons daarmee ons sekerheid uit dat God ons gebede hoor en verhoor. Hierdie sekerheid is ook gegrond in Christus wat die waarheid is. Die Bybel noem Hom die "Amen", die "geloofwaardige" en die "ware getuie" (Op. 3:14). Wanneer ons ons gebede dus met "Amen" afsluit, sluit ons af met en in Christus wat ons waarheid en ons hoop is. Ja, wanneer ons met "Amen" afsluit, sluit ons af in die Naam van Hom wat ons gebede verhoor.

Sing: Skrifberyming 8/5-3

Ds Paul de Bruyn (Daniëlskuil/Delportshoop)